***Uit die hoof se kantoor.***

***25 Augustus 2025.***

Geagte Ouer /Voog en Gemeenskap

Ons vorder baie goed met akademie en leerders is tans reeds besig om hulle self voor te berei vir toetse en afronding van take of deurlopende assesssering wat plaasvind. Ons besef leerders is baie besig en waardeer dus geweldig dat ons leerders aanmoedig en help om op hul pos te wees en nie sommer tuis of weg te bly nie. Ons besoek van die departement was baie positief en veral waar ons hulp verleen. Ons moet egter hier wys dat leerders wat agter raak se afwesighede hul prestasie benadeel en ook ons hulp aan hulle.

Op kultuurgebied is ons soos gewoonlik baie besig en is tans besig met koor, spreekkoor, redenaars en spanredenaars. Ons leerders is ook by verskeie plekke ingeskryf deur die skool of individueel en neem deel aan verskeie afdelings. Ons dank aan elkeen wat met kultuur nog die ekstra myl stap vir ons skool en gemeenskap. Ouers, dankie vir u positiewe ondersteuning.

Op sportvlak is ons besig met mini-sportsoorte asook tennis, hokkie, krieket, perdry en skaak. Ons het ook ouers en personeel wat help met 7`s rugby om hier geleentheid te bied vir seuns. Baie geluk aan ons leerders wat deelgeneem het aan 7`s Valkeproewe, landloop-distrikkampioenskappe, perdry distrikkampioenskappe en skaaktoernooie. Tennis het reeds afdelings voltooi met sukses en speel nou ook in hul finale. Ons is uiters trots op deelname en sukses wat julle behaal om ons daar te verteenwoordig.

Bybelvasvra en CSV - met ons ekstra byeenkomste is dit vir ons `n riem onder die hart dat ons leerders ook hier hul staal wys en besef sonder God is niks moontlik nie.

Ons leerders neem deel aan verskeie olimpiades en ook hier wys ons dat Concordia se standaard reg is en dat ons met enige van die skole kan kompeteer. Baie geluk aan hierdie leerders veral waar jul in Engels moet deelneem.

Ons moes gedwonge ons groot lapa verwyder en sal binnekort met hulp van borge `n nuwe staalstruktuur oprig. Ons sê dankie aan elkeen wat hier betrokke raak of wil raak en uit hul eie ons borg en ondersteun. Geen skool kan sonder borge of ekstra hulp die skool se infrastruktuur verbeter of instandhou nie. Ons waardeer julle. Dankie vir LODO vir die skenking van bakstene en kennis. Met die stene wil ons `n muurtjie by speelarea begin bou om ook netheid en afronding van die area te verseker.

Ons gaan poste adverteer in die juniorafdeling vir 2026, hou asseblief die spasie dop. Ons wag tans vir ons aanstelling van departementshoof en sal daarna inligting deel.

Ons dank aan elkeen wat betrokke is by ons fondsinsamelings - Vroueoggend, gholfdag en kaskardag. Ons waardeer julle. Hierdie fondse is deel van ons droom om `n veeldoelarea te ontwikkel voor me Van Loggerenberg se klas. Ons moet ook dringend kyk na ons hoofingange en waardeer ook hier Suzuki se bereidwilligheid om betrokke te raak.

Ouers as u na die media kyk sal u besef dat sonder handevat tussen ouer en onderwys gaan ons leerders skade ly. Ons het 7 videos ontvang van situasies in skole wat tans hand uitruk. Die mag van onderwyspersoneel is erg beperk. Mag ons elkeen in gebede aan God opdra en Sy ingryping vra, sodat ons normal met opvoeding, onderrig en afrigting kan voortgaan. Ons besef die verskil tussen: aanranding [PAKGEE], onnodig streng en ONS LAAT MAAR GAAN.

Ons as gemeenskap wil die beste geleentheid behou met samewerking tussen ouer en personeel waar leerder besef hulle val onder reëls en al lyk die reëls soms oud-modies is daar `n rede hoekom dit werk. Kleredrag, hare, kort naels, betyds wees - is die begin van ondersteuning aan opvoeders om ons te help om saam `n kultuur te behou van jy pas in die reëls in en dan kan ons sukses en opvoeding bereik. Inskrywings en detensie voor verdere stappe is al wat ons het en vra daarom u samewerking hier. Een inskrywing of detensie bepaal nie jou toekoms nie, dit rig wel jou rigting om die regte ding te doen en help jou om verantwoordelikheid vir jou dade te aanvaar.

Ouers mag u krag van Bo ontvang en Wysheid van Salomo om saam met ons elke leerder te help om hul potensiaal te bereik en net die beste te kan wees wat hulle kan, sonder om na die een langs hulle te kyk.

Waar u aanbevelings het of wil betrokke raak met verbetering van terrein, e-pos asseblief - ons wil so saam ons skool nog mooier en gebruikersvriendelik maak. Dankie weereens aan ons borge en donateurs wat ons so ondersteun.

23 Augustus 2019 was ek bevestig as hoof en kan nie glo 6 jaar het so verby gesnel nie. Dankie aan elkeen wat my hande hoog hou en bereid is om saam `n pad te stap en visie te deel tot voordeel van ons skool en gemeenskap. Ons verskil wel, maar ons moet dan besef ek en u mag oor `n saak verskil, nie as persoon nie en so sal ons die gemeenskap kan bly dien. Ons is maar hier vir korte duur en ons gemeenskap baie langer as ons. Tog weet ek God plaas elkeen waar Hy weet jy `n verskil kan maak vir Sy kinders.

C Blignaut

Hoof